ALGEMENE ASSISTENT (TERREINWERKER) / ASSISTENT DRYWER
RUYTERWACHT SENIOR SENTRUM

RUYTERWACHT SENIOR SENTRUM is 'n program van Badisa, 'n gesamentlike bedieningsaksie van die NG Kerk [Wes- en Suid-Kaap] en VGKSA [Kaapland]. Aansoeke van entoesiastiese, verantwoordelike en gemotiveerde persone met 'n positiewe lewensingesteldheid teenoor ouer persone word vir hierdie betrekking ingewag .

Die aangewese kandidaat sal regstreeks aan die Bestuurder verslag doen, wat weer aan die Beheerraad verslag lewer, en verantwoordelik wees vir die volgende:

POS TITEL: ALGEMENE ASSISTENT (TERREINWERKER) / ASSISTENT DRYWER
RAPPORTEER AAN: SENTRUM BESTUURDER: RSS
WERKSURE: 33 ure per week

DEEL 2: OORHOOFSE DOELSTELLING VAN DIE POS
Om Ruyterwacht Senior Sentrum (RSS) se terrein en geboue te help onderhou en as assistent op te tree vir die drywers

DEEL 3: SLEUTELFUNKSIES

- Algemene netheid van gronde van *Sentrum* en instandhouding van tuin met uitsluiting van sny van grasperke wat deur tuindienste gedoen word.
- Sny van gras en versorg van tuine van losieshuise
- Hulp met skoonmaak van gebou
- Skoonmaak en inrig van saal.
- Hulp by fondsinsamelingsfunksies.
- Wees drywers behulpsaam met op – en aflaai van skenkings en donasies.
- Kleiner instandhoudingstake van gebou en losieshuise
- Uitsit van vullisdromme en skoonmaak van vullisdromme
- Skoonmaak van mans toilette
- Was en skoonmaak van voertuie
- Skoonmaak van buitegeboue – motorhuise, buite toilet, stoorkamers
- Vervoer van lede in afwesigheid van drywers

.

DEEL 4: KENNIS, VAARDIGHEDE EN ERVARING

4.1 Kennis en Kwalifikasies

- Kwalifikasie: Graad 12,
- Geldige bestuurslisensie en PDP
- Afrikaans en Engels magtig wees

4.2 Vaardighede

- Besonderse interpersoonlike vaardighede
- Besonderse kommunikasie vaardighede

- Besonderse vermoe om stres te hanteer
- Besonders aanpasbaar
- Vermoe om binne span te werk
- Bewese en gemaklik om insiatief te neem om die span by te staan
- Bewese passie vir werk met ouer mense
- Kennis van kleiner nutsman take
- Kennis van tuinwerk

4.3 Ervaring

- Ervaring van terreinwerk en vervoer van persone en goedere
- Verkieslik vorige werkservaring by ‘n dienssentrum vir minder gegoede gemeenskappe

6.4 Ander

- Gesonde fisiese toestand en in staat om swaar voorwerpe te hanteer

- Bereid en beskikbaar om tydens fondsinsamelingsprojekte te werk (wat dikwels na –ure en oor naweke plaasvind)
- Bereid om werk te doen wat buite die posbeskrywing is

Ons bied ‘n onderhandelbare salaris volgens Badisa se salarisskale aan, verkorte werksure (33 ure per week) Diensaanvaarding so spoedig moontlik.
Ruyterwacht Senior Sentrum behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

Rig ‘n volledige CV per e-pos en dui aan vir watter pos u aansoek doen, voor 28 April 2021 aan die bestuurder : Ruyterwacht senior sentrum
e-pos adres : rwssmanager@gmail.com